ONDERSTEININGSONDERRIG - BELEID

Doel van ondersteuningsonderrig

Ondersteuningsonderrig fokus op leerders met struikelblokke in een of meer perseptuele areas bv. visueel, ouditief en/of motories wat in lees, skryf, spel, taal en wiskunde manifisteer.

Die addisionele ondersteuning stel die leerder in staat om sy/haar potensiaal te benut in die leersituasie en onder prestasie teen te werk.

Emosionele ondersteuning word deurgaans gegee vir elke leerder en indien daar noodgevalle is verwys ons na die skool se jeugwerker of ‘n kundige op daardie gebied.

Proses van inskakeling by ondersteuningsonderrig:

1. Identifisering van leerder:
   Die leerder word deur die klasonderwyser/es geïdentifiseer en na afloop van ‘n intervensieprogram verwys na die betrokke ondersteuningsonderwyseres met die nodige ouertoestemming.

2. Fokus word geplaas op leerder se spesifieke leemtes, wat bepaal word deur verskeie meetsinstrumente soos evaluasie deur ondersteuningsonderwyseres, skoolwerk en rapport.

3. Alle inligting word na die SBST verwys en bespreek, om moontlikhede van verdere evaluasies/verwysings te oorweeg. (Sielkundige, Arbeidsterapeut, Spraakterapeut, Spelteraeut, Neuroloog, Pediater)

4. Die nodige dokumentasie word na die Departement Inklusiewe Onderwys gestuur, ter aansoek van ‘n k-nr (aanbeveling van Departement op skrif).

5. Doelwitte word gestel en Individuele Ondersteuningsplan (ISP) word saamgestel in samewerking met betrokke partye. Die leerders word 2 tot 4 keer ‘n week onttrek, afhangende van spesiale behoeftes en beskikbaarheid van periodes.

6. Evaluering: Daar word ruimte gelaat vir vaslegging, herorganisering van inligting en herbeplanning om sodoende doelwitte te bereik. Deurlopende evaluering word gereeld gedoen. Elke leeder ontvang twee keer ‘n jaar n verslag (einde 2de en 4de kwartaal) wat sy/haar vordering aandui.

7. Terugvoering: Terugvoering aan ouers vind plaas op die volgende wyses: telefoonoproepe, sms’se, e-posse en ouerafsprake.

8. Indien ouer versoek dat leerder uitgeskakel word by ondersteuningsonderrig moet ouer dit skriftelik deurgee.

9. Die spesiale behoeftes van die leerder bepaal hoe lank leerder by ondersteuningsonderrig ingeskakel sal wees. Geen tydsperiode word gekoppel aan ondersteuningsonderrig nie.

10. Uitskakeling: Na aanleiding van leerder se vordering, vind uitskakeling aan die einde van ‘n kwartaal plaas. Ouer/s word in kennis gestel, en die nodige inligting word op ISP aangebring. Leerderinligting word in Ed-lab geplaas.

11. Ondersteuningsonderrig begin en staak:
    Ondersteuningsklasse begin die 2de week van eerste kwartaal en staak tydens eksamens.

12. ***<u>Konsessies:</u>***

Konsessies is wanneer aangepaste of alternatiewe assesseringsmetodes aangewend word om ‘n leerder te ondersteun met die skryf van toetse/ eksamens / assesseringsopdragte.

- ***Skriftelike verwysing deur ‘n sielkundige, pediater of neuroloog ‘n voorwaarde.***
- ***Ouertoestemming word benodig.***
- ***Aansoek word gedoen by departement.***
- ***Aanpassings word op die volgende wyses gemaak:***
  1) Aparte lokaal

2) *Meer tyd word toegestaan om vraestel te voltooi*
3) *Vraestel word vir leerder gelees*
4) *Die leerder lê 'n mondelingse ekasamen af in geval van fisiese gebrek of erge graad van disleksie.*

GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUURSPAN OP 29 Januarie 2021.

S. SMIT **N. GUNTER**

ADJUNKHOOF **SKOOLHOOF**